# Gemaak vir Meer

**Lizette du Piesanie 3 February 2019**

## 1. IN CHRISTUS IS DIT KLAAR GEDOEN SODAT EK DIT NIE HOEF TE DOEN NIE.

**Efesiërs 2:8-10 "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."**

**1.1** So baie mense kry verlossing deur die volledige werk van Jesus aan die kruis te aanvaar maar probeer nog steeds om dit te verdien vir die res van hulle lewe.

**1.2** Ons is nie net gered **van** die hel nie, ons is gered **vir** iets meer.

**1.3** Ons is nie net gered van iets nie, ons is gered vir iets groter.

**1.4** Wanneer ons uiteindelik weet WAARVOOR ons gered is sal ons mense se lewens verander deur net onsself te wees.

## 2. WEES = GOD HET ONS GEMAAK: WIE IS EK GEMAAK OM TE WEES?

## 3. DOEN = GOEIE WERKE: WAT IS EK GEROEP OM DOEN?

**3.1.** Primêre Roeping: Maak dissipels.

**3.2.** Sekondêre Roeping: S.H.A.P.E. https://gifts.churchgrowth.org

## 4. GAAN = BESTEMMING: WAARNA TOE IS EK GEROEP?

**4.1. Dissipelskap = Vakleerling -** Die verskil tussen 'n student en 'n vakleerling is die teorie raak prakties wanneer jy 'n vakleerling is.

**4.2. Jesus het gesê gaan -** In die moderne kerk het ons in 'n kultuur verval wat sê kom en bly by die kerk. Ons raak so deel van die kerk ons ken later nie meer mense buite die kerk nie.

**4.3. Gees vervulde lewe -** Die Heilige Gees lei ons in die lewe om daardie vooruitbeplande goeie werke raak te loop.

## Gesprek Gits

## Gemaak vir Meer

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Voel jy dat jy jou verlossing (Jesus wat vir jou sonde gesterf het) moet verdien?
2. Glo jy dat God jou geroep het om iets te doen? Weet jy waarvoor jy geroep is?
3. Spandeer jy tyd saam met mense wat nie in die kerk is nie? As jy doen, wys jy vir daai mense wie Jesus is (deur hoe jy leef en praat)?